Wes-Kaap Onderwysdepartement
Phagan Abrahams
Direktoraat: Verkrygingsbestuur
Phagan.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2762

Verwysing: 20220510-1980
Lêerno.: 5/1/7/Revised procedures for official gatherings

Omsendbrief: 0021/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: Hersiene *prosedures vir amptelike byeenkomste (seminare, werksessies, opleidingsessies, forumvergaderings en konferensies)*.

Onderwerp: Hersiene prosedures vir amptelike byeenkomste wat vir Hoofkantoor en distrikskantore gereël is

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in te lig oor die hersiene prosedures vir amptelike byeenkomste (seminare, werksessies, opleidingsessies, forumvergaderings en konferensies) wat vir Hoofkantoor en distrikskantore gereël is.

2. Omsendbrief 0019/2017 van 06 Mei 2017 word in die geheel herroep.

3. Amptenare word vriendelik versoek om die gewone verkrygingsprosesse vir die aanskaffing van sodanige dienste te volg. Dit kan deur die kleinkasproses, die kwotasieproses (e-verkrygingsoplossing) of formele tenderproses aangeskaf word.

4. Die WKOD moet voldoen aan die bepalings van hierdie omsendbrief, die nasionale tesourie se regulasies en instruksies, die provinsiale tesourie se instruksies, die rekenpligtige beampte se stelsel, verskaffingskettingsbestuur en die finansiële oordrag van bevoegdhede rakende die verkrygingsprosesse en betalings om enige moontlike onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en verkwistende uitgawes te vermy.

5. Hierdie omsendbrief tree op 01 Junie 2022 in werking.

6. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokke amptenare gebring word.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-05-05